# Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 6

## Kwaartal 2 Vraesetl 2

Naam: ______________________________ Datum: ______________

Klas: ______________________________ Totaal: __________ / 40


---

**Instruksies:**

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
- Afdeling A: Lees en Kyk (25 punte)
- Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies (15 punte)
- Lees al jou vrae noukeurig deur voor jy antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

**Afdeling A: Begripslees**
**Vraag 1: Leesbegrip**



**Lees die volgende stuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

Sjokolade word van die vrugte van kakaobome gemaak en is vir die eerste keer ongeveer 3 500 jaar gelede deur die Olmeke in Meksiko in die vorm van ’n drankie geniet. Die kennis van die gebruike van die kakaoboontjie is verder aan ander antieke beskawings in Suid-Amerika oorgedra waar die peule van die bone selfs as geldeenhede gebruik is.

Christopher Columbus het op een van sy reise in 1502 op die kakaobone afgekom en dit terug Europa toe geneem. Die Europeërs het egter nie dadelik daarvan gehou nie en dit as ’n soort snaakse, bitter amandel beskou.

’n Spaanse generaal, Hernán Cortés , het in Sentrale Amerika die vroegste vorm van warm sjokolade – “Xocalatl” – beleef toe ’n Asteekse koning die drankie vir hom gegee het. Hy het in 1528 terug Spanje toe gekeer waar hy kakao met water en suikerriet gemeng het en dié soet drankie het vinnig ’n gunsteling onder die ryk mense geword.

Dit was eers in 1847 wat die Fry’s-sjokoladevervaardigers kakaobotter by die kakaopoeier- en suikermengsel gevoeg het om die wêreld se eerste sjokoladestafies te maak. In 1875 het Nestlé kondensmelk bygevoeg om die eerste melksjokolade, wat baie soeter was, te maak.


Besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

1. **Voorsien 'n gepaste titel vir die teks.** (1)

___

2. **Vul die ontbrekende woorde in die onderstaande sin in:** (3)

Die eerste mense wat sjokolade geniet het, was die __________ wat in __________ gewoon het. Dit was __________ gelede.

3. **Omkring die korrekte antwoord:** (1)

Die persoon wat eerste sjokolade na Europa toe gebring het, was...

a. Hernán Cortés
b. Christopher Columbus
c. Nestlé
d. Fry's-sjokoladevervaardigers

4. **Hoekom, dink jy, het mense eers nie van sjokolade gehou nie?** (1)

___

5. **Verduidelik wat die Spaanse generaal gedoen het om sjokolade aan sy mense voor te stel.** (3)

___

___

___

6. **Waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.** (2)

Warm sjokolade was meestal deur arm mense gedrink.

___

___

7. **Die volgende sinne is in die verkeerde volgorde geskryf. NOMMER elke sin (1-4) in die korr ekte volgorde soos dit in die teks verskyn.** (4)


twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

| | |
|---|---|
| Christopher Columbus neem kakaobone terug Europa toe. | |
| Hernán Cortés drink warm sjokolade saam met 'n koning. | |
| Sjokoladestafies word soeter gemaak deur kondensmelk by te voeg. | |
| Antieke beskawings in Suid-Amerika gebruik kakaopeule as geldeenhede. | |


**8. Dink jy dat sjokolade vir jou lekker sou wees as jy dit soos mense in die ou dae moes drink? Verduidelik jou antwoord.** (3)

**(18)**

**Vraag 2: Visuele Teks**

Bestudeer die volgende grafiek en antwoord die vrae wat volg.

Sjokolade Per Persoon in 2021 Geëet:





twinkl
Besoek twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

1. **Wat word deur die grafiek voorgestel?** (2)

2. **Watter land se mense het die meeste sjokolade geëet?** (1)

3. **Watter land se mense het die minste sjokolade geëet?** (1)

4. **Hoeveel sjokolade het die gemiddelde persoon in Duitsland geëet?** (1)

5. **Dink aan jou familie en jou maats. Dink jy dat julle meer, minder of dieselfde sjokolade as mense van Frankryk eet? Hoekom sê jy so?** (2)

**(7)**

| Totaal: Afdeling A | **25** |
|---|---|

**Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies**

**Vraag 3**

Verwys weer na die teks in Afdeling A en antwoord die vrae wat volg.

1. **Skryf slegs 'n sinoniem vir die onderstreepte woord uit paragraaf 1:** (1)

   Sjokolade word van die vrugte van kakaobome gemaak en is vir die eerste keer ongeveer 3 500 jaar gelede deur die Olmeke in Meksiko in die vorm van 'n drankie geniet.



Besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

2. Gee 'n antoniem vir die volgende woorde: (3)
    1. bitter - ____________________
    2. warm - ____________________
    3. vinnig - ____________________

**3. Skryf slegs die vroulike vorm vir die onderstreepte woord uit paragraaf 3:** (1)

'n Spaanse generaal, Hernán Cortés , het in Sentrale Amerika die vroegste vorm van warm sjokolade – "Xocalatl" – beleef toe 'n Asteekse koning die drankie vir hom gegee het.

______________________________________________________________________________

**4. Voorsien die intensiewe vorme van die volgende woorde:** (4)
1. soet - ____________________________
2. bitter - ____________________________
3. warm - ____________________________
4. vinnig - ____________________________

**5. Vul die korrekte voorsetsels in:** (2)
1. Daar is warm sjokolade _________________ my beker.
2. Die Spaanse generaal dra 'n hoed ______________ sy kop.

**6. Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm.** (2)

Christopher Columbus eet baie sjokolade.

______________________________________________________________________________

**7. Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies.** (2)

Europeërs het eers nie van sjokolade gehou nie. Sjokolade was nie baie soet nie. (want)

______________________________________________________________________________

| Totaal: Afdeling B | **15** |
| --- | --- |

| **Groottotaal:** | **40** |
| --- | --- |



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS